Seekunde

"Ek dink aan die natuur as radioseine sonder grense, waardeur God elke uur met ons praat –as ons net op sy golflengte wil inskakel om te luister."
- George Washington Carver

Doelwit: *Om deur waarneming die seelewe en kuslyn te ondersoek en bewus te raak van bewaring.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die spesialisasie spreek die B en C van Die Voortrekkers se ABC aan. Tydens die kursus sal die Verkenner kennis opdoen in die identifisering en versameling van eetbare seediere. Die Verkenner sal ook die nodige see regulasies wat visvang beheer en viskwotas aanspreek leer ken. Gedurende die tyd van die kenteken sal die Verkenner die geleentheid kry om God se skepping en alles wat in en om die see leef te waardeer en te bewaar. Die Verkenner sal ook leer om respek en ontsag te hê vir die kragte van God se natuur en om op God te vertrou in spanningsvolle situasies. Die Verkenner sal ook tydens die kenteken waardevolle bewaringswerk langs die kuslyn kan doen en sodoende positiewe burgerskap kan uitleef. Die kursus ontwikkel ook die Verkenner se leierseienskappe en leer hom ook om verantwoordelikheid vir ander se veiligheid te aanvaar.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in groep-/spanverband afgehandel word. • Uitkoms 2 kan slegs afgehandel word aan die kus tydens 'n geleentheid wat minstens **twee** dae duur. • 'n Navorsingsinstansie of Nasionale Seekuspark moet besoek word en 'n verslag moet oor die besoek geskryf word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die volgende:*
   - *1.1 Die regulasies vir die versameling van minstens **ses** van die volgende aas- en eetbare soorte seediere: krappe, kreef, oesters, mossels, potloodaas, siffies, perlemoen, armadillo, alikreukels, wurms, seekat, garnale, rooiaas en klipmossels.*
   - *1.2 Die regulasies wat seevisvang beheer (die soorte, die plekke waar, die tye van die jaar wanneer en die metodes waarmee gevang mag word), asook viskwotas en die moontlike faktore wat verband hou met die oorbenutting van 'n visveld.*
   - *1.3 Die veiligheidsmaatreëls en regulasies wat van toepassing is in die volgende gevalle:*
     - *1.3.1 Wanneer in die see geswem of geduik word.*
     - *1.3.2 Wanneer die see met 'n branderplank, branderkano, seilplank, waterski's of 'n opblaasmatras aangedurf word.*
     - *1.3.3 Wanneer daar met 'n boot, motorboot of met 'n seiljag op die see gevaar word.*
2. *Saam met 'n span of groep vir minstens **twee** dae die kuslyn ondersoek (teen 'n tempo van ongeveer **vier** km per dag) en aandag gee aan beskutte plekke, hawens, fabrieke, veilige baaiplekke, varswaterbronne en ander interessanthede.*

3. *Die invloed wat menslike aktiwiteite het op die seelewe aan die kus bespreek, aan die hand van onder andere:*
   - *3.1 Besoedeling, veral die storting van industriële en munisipale afval, asook olie-, hitte- en geraasbesoedeling.*
   - *3.2 Visvang en die versameling van aas en eetbare skulpdiere.*
   - *3.3 Die benutting van die kus vir byvoorbeeld hawens, vakansie- en strandoorde.*

4. *Weet hoe getye (insluitende spring- en dooiegety) ontstaan en kortliks die invloed daarvan beskryf op die volgende:*
   - *4.1 **Die seelewe** aan die kus, met verwysing na die spatsone, die tussengetyesone en die infragetysone.*
   - *4.2 **Die mens**, met verwysing na die gevare en voordele wat dit vir skeepvaart, stede, hengel, swem en duik langs die kus inhou, asook hoe die getywisseling as energiebron gebruik kan word.*

5. *Op 'n groot kaart van die kuslyn van Suid-Afrika die ligging van die volgende aandui:*
   - *5.1 Seekusparke en ander bewaringsgebiede vir strand- en seelewe.*
   - *5.2 Die belangrikste navorsingsinstansies (insluitende universiteitsdepartemente wat die seekus en seelewe aan die kus bestudeer).*

6. ***Een** van die volgende doen:*
   - *6.1 Bewus wees van die doel, struktuur en werksaamhede van een van die navorsingsinstansies wat seekus en seelewe aan die kus bestudeer en so 'n instansie besoek en 'n kort verslag oor die besoek skryf.*
   - *6.2 Die doel, aktiwiteite en reëls van die Nasionale Seekusparke ken en so 'n park besoek en 'n kort verslag oor die besoek skryf.*